Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Mikhail Jackson**
Direktoraat: Strategiese Mensbestuur
Mikhail.Jackson@westerncape.gov.za | 021 467 2469

Lêerno.: 3/3/2/4/12
Verwysing: Inbelsentrum

Strategiese Mensbestuursminuut: 0006/2025

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Adjunkdirekteure, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Hoofde: Distrikskurrikulumondersteuning, Hoofde: Distriksleerderondersteuning, Verskaffingskettingbestuurspersoneel, Finansiespersoneel, Hoofonderwyskundiges, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Prinsipale en Staatsdienspersoneel

**Onderwerp: Openbaarmaking van aangewese werknemers se finansiële belange en die beskikbaarheid van die eDisclosure-stelsel via die internet**

1. Die Staatsdiensregulasies, 2016, gepubliseer in *Staatskoerant* Nr. 40167 van 29 Julie 2016, bemagtig die Minister van Staatsdiens en Administrasie (MSA) om werknemers van ander kategorieë aan te wys om hul finansiële belange te openbaar. Die MSA het verder die gesag om die formaat, datum en finansiële belange wat geopenbaar moet word, te bepaal.

2. Voor Maart 2017 is slegs lede van die senior bestuursdiens aangewys om hul finansiële belange te openbaar. Op 16 Maart 2017 het die MSA werknemers van ander kategorieë, soos hieronder geïdentifiseer, aangewys om hul finansiële belange te openbaar (MSA-bepaling is aangeheg):
   (a) Werknemers wat die ekwivalent van salarisvlak 13 en hoër deur 'n beroepspesifieke bedeling (BSB) verdien.
   (b) Werknemers wat op salarisvlak 11 en 12 aangestel is, asook werknemers wat die ekwivalent van salarisvlakke 11 en 12 deur 'n BSB verdien.
   (c) Werknemers wat op salarisvlak 9 en 10 aangestel is, asook werknemers wat die ekwivalent van salarisvlakke 9 en 10 deur 'n BSB verdien, sowel as assistentdirekteure.
   (d) Werknemers wat in verskaffingskettingbestuurseenhede (VKB) in diens is, ongeag hul salarisvlak.
   (e) Werknemers wat in finansiële eenhede in diens is, ongeag hul salarisvlak.

3. Paragraaf 4.1 van die MSA-bepaling verklaar dat hierdie bepalings op alle departemente en hul werknemers van toepassing is wat ingevolge die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994) aangestel is. Opvoeders is ook hierby ingesluit.


wcedonline.westerncape.gov.za
Indiensnemings- en salarisnavrae: 0861 819 919 | Veilige Skole: 0800 45 46 47
Wes-Kaapse Onderwysdepartement

4. Aangewese werknemers moet hul belange openbaar om—
- deursigtigheid te verseker;
- aanspreeklikheid te verseker;
- die botsing van belange tussen hul amptelike pligte en hul privaat finansiële belange te bestuur;
- etiek en integriteit te bevorder; en
- korrupsie in die staatsdiens te bestry.

5. **Tydperke vir openbaarmaking**

Registrasie en finansiële openbaarmaking **in 2025:**

| Kategorieë van aangewese werknemers | Sperdatums vir openbaarmaking |
|---|---|
| Senior bestuursdiens | 01 April 2025 tot 30 April 2025 |
| BSB/persoonlike kerwe, gelykstaande aan vlak 13 en hoër | 01 Junie 2025 tot 31 Julie 2025 |
| Middelbestuursdiens, vlak 11 en 12 | 01 Junie 2025 tot 31 Julie 2025 |
| BSB, gelykstaande aan vlak 11 en 12 | 01 Junie 2025 tot 31 Julie 2025 |
| Etiekbeamptes/administratiewe amptenare van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement en amptenare van die staatsdienskommissie | 01 Junie 2025 tot 31 Julie 2025 |
| Werknemers, laer as vlak 9, werksaam in VKB/finansiële eenhede | 01 Junie 2025 tot 31 Julie 2025 |
| **Nuut aangestelde werknemers in die bogenoemde kategorieë het tot 30 dae na diensaanvaarding om hul finansiële belange te openbaar.** | |

Registrasie en finansiële openbaarmaking **in 2026:**

| Kategorieë van aangewese werknemers | Sperdatums vir openbaarmaking |
|---|---|
| Assistentdirekteure, vlak 9 en 10 | 01 Junie 2026 tot 30 Julie 2026 |
| BSB-werknemers gelykstaande aan vlak 9 en 10 | 01 Junie 2026 tot 30 Julie 2026 |

6. ŉ Nuut aangestelde aangewese werknemer wat nog nie op die eDisclosure-stelsel geregistreer is nie, moet die registrasie aan die hand van die aangehegte bondige gids invul. Die eDisclosure-stelsel is oop vir aangewese werknemers om daarop te registreer.

7. Aangewese werknemers (behalwe vir die Hoof van die Departement) moet hul finansiële belange aan die Hoof van die Departement openbaar.

8. Ingevolge paragraaf 11 van die MSA-bepaling, **is finansiële openbaarmaking verpligtend vir alle aangewese werknemers**.

9. Vir maklike verwysing is 'n bondige gids aangeheg oor hoe om die finansiële belange, soos hieronder gelys, op die eDisclosure-stelsel te registreer en openbaar te maak:

- Aandele of enige ander vorm van ekwiteit in 'n geregistreerde privaat of openbare maatskappy of enige ander korporatiewe entiteit wat deur die wet erken word
- Leningsrekeninge (verband-, voertuigfinansiering- en kleinhandelsrekeninge uitgesluit)
- Inkomstegenererende bates
- Trusts
- Direkteurskappe en vennootskappe
- Konsultasiediens en retensiegeld
- Borgskappe
- Geskenke en gasvryheid van 'n bron wat nie 'n familielid is nie
- Eienaarskap en ander belange in roerende eiendom
- Voertuie
- Enige ander finansiële belange
- Ander besoldigde werk buite die werknemer se departement (RWOPS).

10. Regulasie 13(c) van die Staatsdiensregulasies, 2016, soos gepubliseer in *Staatskoerant* No. 40167 van 29 Julie 2016, wat op 01 Augustus 2016 in werking getree het, verklaar dat 'n werknemer: "*nie sake met enige staatsinstelling sal doen of 'n direkteur van 'n openbare of privaat maatskappy sal wees wat sake met 'n staatsinstelling doen nie, tensy sodanige werknemer in 'n amptelike hoedanigheid 'n direkteur is van 'n maatskappy wat in skedule 2 en 3 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur gelys is*". Hierdie bepaling is *mutatis mutandis* van toepassing op werknemers wat ingevolge die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998), aangestel is.

11. Vir enige navrae, kontak gerus die volgende etiekbeamptes:

| Naam | E-posadres | Tel. |
|---|---|---|
| Natania Louw | Natania.Louw@westerncape.gov.za | 021 830 3853 |
| Akhona Mfazwe | Akhona.Mfazwe@westerncape.gov.za | 021 467 2618 |
| Patricia de Bruin | Patricia.deBruin@westerncape.gov.za | 021 467 2615 |
| Yolisa Zwane | Yolisa.Zwane@westerncape.gov.za | 021 467 2612 |
| Mikhail Jackson | Mikhail.Jackson@westerncape.gov.za | 021 467 2469 |
| Mark van der Vendt | Mark.VanderVendt@westerncape.gov.za | 021 467 2509 |

12. Die eDisclosure-stelsel is via www.edisclosure.gov.za beskikbaar. Aangewese werknemers kan slimfone en tablette gebruik om hul finansiële belange aanlyn te registreer en openbaar te maak.

13. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke werknemers.

**GETEKEN:** LJ ELY
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KORPORATIEWE DIENSTE**
**DATUM:** 2025-05-08